Mieliekultivars vir die oostelike produksiegebiede

Eenjarige resultate van 2011/2012 seisoen van die Nasionale Kultivarproewe met kommersieel beskikbare mieliegenotipes is in hierdie publikasie saamgevat. Kommersiële kultivars word jaarliks vir hul aanpassingsvermoë in 'n wye reeks potensiaaltoestande in hierdie proewe geëvalueer. Inskrywings vir hierdie proefreeks bestaan uit gewilde genotipes sowel as ander nuwer kommersiële genotipes wat volgens verwagting ook gewild by produsente sal word. Hierdie resultate is `n aanduidend van genotipeprestasie onder spesifieke omgewingstoestande wat gedurende die groeiseisoen voorgekom het. Meerjarige resultate wat vanuit hierdie proewe saamgevat word, is meer betroubaar as eenjarige resultate maar sal eers op ‘n latere stadium gepubliseer word maar word ook in die volledige verslag saamgevat wat by LNR-IGG beskikbaar is.

Standaard en wetenskaplik aanvaarde prosedures is vir die uitvoering van die navorsingsprogram voorgeskryf. Medewerkers is 'n vrye keuse gelaat om die beste verbouingspraktyke in hul omgewing vir die proewe te gebruik ten einde graanopbrengs sover moontlik te kan optimaliseer en om verskillende potensiaaltoestande te skep. ‘n Gerandomiseerde blokontwerp met drie herhalings is deurgaans gebruik om die 50 genotipeinskrywing te akkommodeer. Elke proeflokaliteit is 'n eie proefrandomisasie toegeken wat ook van jaar tot jaar verskil. Dieselfde 50 genotipes het in elkeen van die proewe voorgekom en het bestaan uit inskrywings deur die betrokke saadfirmas gedoen. Inskrywings deur firmas geskied in orde van prioriteit en indien te veel inskrywings ontvang is, is die inskrywingslys deur onderhandeling met elkeen van die saadfirmas gefinaliseer.

Die tabelle (1,2 en 3) hieronder dui die prestasie aan van die kultivars geëvalueer vir die oostelike produksiegebied gedurende die 2011/12 seisoen.